# Les 10 JESUS CHRISTUS HET VIR ONS GELY ONDER PONTIUS PILATUS: ONS WORD NOOIT WEER VEROORDEEL VIR ONS SONDES NIE, MAAR VIR ALTYD VRYGESPREEK

## 1. Syne is myne, en myne is syne: ons vereniging met Christus draai die veroordeling om

Ons het gesien dat Jesus se lyding beteken dat die Vader Hom beskuldig, aankla en veroordeel as ŉ sondaar. Dit is sy innerlike lyding: die Vader laat Christus veroordeel – "Jy is godslasterlike sondaar." Christus ly, al is Hy nie ŉ sondaar nie.

Hoekom? Om ons te verlos. Verlossing beteken Hy dra die veroordeling wat ek moes kry, en ek kry iets anders wat Hy moes kry: vryspraak.

Kom ons lees Romeine 8:1-3 saam!

*"Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. 2Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. 3Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel."*

**1.1** Wat staan in vers 1? Wat is daar nie meer vir ons nie?
Daar is geen veroordeling meer nie.

**1.2** Wat beteken dit: geen veroordeling meer nie?
Dit beteken dat God ons vir die sondes wat ons doen, nie meer veroordeel nie.

Ons het verlede keer gesien wat beteken veroordeel alles. Veroordeel beteken God is toornig. Toornigheid maak dat God sondaars voor Hom wil laat staan sodat Hy vir hulle en die hele wêreld kan wys hoe sondig is hulle. Toornigheid beteken dat God 'n mens beskuldig en aankla van sy sondes op so wyse dat die mens homself moet verdedig en praat oor hoekom hy sonde gedoen het. Die ergste deel van God se toornigheid is dat Hy 'n uitspraak maak voor die hele wêreld, sodat almal kan weet: hierdie mens het hierdie sondes gedoen – en daarom is jy gemerk: sondaar.

**1.3** Wat sê Paulus, gaan God ons veroordeel?
Die antwoord van die Bybel is baie duidelik: daar is vir Christene geen veroordeling nie. God gaan nie so met ons maak nie. God doen dit ook nie vandag met ons nie. 'Geen veroordeling' beteken daar is nie vir ons so iets nie.

**1.4** Hoekom doen God dit nie met ons nie?
Kyk 'n bietjie weer na vers 4! Wie het God die Vader aangekla, as sondaar laat beskuldig en toe gebrandmerk as 'n sondaar? Dit was met Jesus, sy

eie Seun. My veroordeling was Christus s'n. God draai ons posisie om en laat Christus in ons plek veroordeel word.

Kyk weer na vers 1! Waar is ons volgens hierdie vers? Ons is "in" Christus. Hy is mens in die hemel, en ons is mense op aarde. Hierdie "in"-verse gaan altyd oor ons vereniging met Christus as mens in die hemel. Hoe kan ons en Christus een wees: ons in Hom as mens ingesluit wees?

Vers 3 sê God het dit gedoen wat ons nie kan doen nie. Deur die Heilige Gees word ons met Christus in die hemel verenig en is ons "in" Hom.

Jesus doen die werk. Ons kry die voordele. Omdat Jesus onder Pontius Pilatus gely het deur die vernedering van aanklagte en die brandmerk te kry as sondaar, sal God dit nooit met ons laat gebeur nie. Die voordeel is dat ons hierdie vernedering en brandmerk gespaar bly.

## 2. Syne is myne, en myne is syne: ons vereniging met Christus draai die vryspraak draai om

Kom ons lees Romeine 8:31-34 saam!

*"31 wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan teen ons wees? 32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het vir ons gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."*

God kla ons nie aan nie. Ons doen sondes sonder dat God ons ooit as 'n regter sal aankla vir die sondes wat ons doen. Ons doen sonde, maar God draai nooit teen ons om sy toorn op ons uit te haal nie. Ons doen sonde, maar God spreek ons vry.

'Vryspreek' beteken dat God nooit vir ons die oordeel in Hom dra dat ons maar net rebelle, diewe, moordenaars, perverte, leuenaars of gierigaards is nie – al is ons opstandig, steel ons, kyk ons na pornografie en is ons onsedelik, lieg ons en is ons inhalig nie. God maak nie so 'n oordeel oor ons nie.

Vir God bly ons net een ding: sy kinders. Christus, sy Seun, is nie gespaar nie, sodat ons in sy plek as kinders behandel kan word: ons word die oordeel gespaar. Geen sonde wat ons doen, maak dat God in Homself ons veroordeel as sleg en sondig nie.

Hoe kan God ons vryspreek as ons werklik volgens ons dade veroordeel moet word as rebelle, diewe, moordenaars, perverte, leuenaars of gierigaards?

Kyk na vers 32! God het sy eie Seun nie gespaar nie: Hy is veroordeel vir alles wat ons genoem word deur God. Wat doen Christus aan die regterhand van die Vader vir ons? Hy pleit vir ons. Pleit beteken nie dat God die Vader

toornig eenkant sit en die Seun moet Hom paai nie. Pleit beteken hy maak syne myne. Hy moes vrygespreek gewees het voor Pontius Pilatus – maar Hy is aangekla. Nou is sy vryspraak myne.

Dit is die troos waarmee ons vir altyd leef. Vir al die sondes wat ons doen – sal God ons nooit veroordeel as sleg en sondig, en ons name gee soos booswig, egbreker of goddelose nie. Hy oordeel my net op een manier: ek is sy kind.

## 3. <u>Christene verskyn nie in die laaste oordeelsdag nie</u>

Kom ons lees Openbaring 20 verse 11, 12 en 15:

*"11Toe het ek 'n groot wit troon gesien en Een wat daarop sit. Die aarde en die Hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie. 12 Ek het die dooies, groot en klein voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het...15 As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi."*

In hierdie gedeelte beskrywe die apostel Johannes die laaste oordeel deur die Here oor alle mense. Met hierdie geleentheid oordeel God mense nie deur Pontius Pilatus nie. Nou is dit Jesus wat die regter is en op die regterstoel sit om te oordeel. Jesus is die "Een" wat op die troon sit.

Die boeke wat oopgemaak word, is 'n simbool vir die sondes van mense wat daar, aan die einde van die skepping, voor God en die hele wêreld deur God oopgemaak gaan word. God gaan sondaars openlik voor almal van hulle sondes aankla. Hulle gaan ook volgens hulle dade deur God veroordeel word: moordenaar, dief, kwaadstoker, egbreker, pervert, rebel, gierigaard, haatdraer, afgodsdienaar, skelm, bedrieër, e.a. is die oordele wat Jesus oor elkeen sal laat kom, volgens die sondes wat hulle gedoen het. Hier is geen sonde meer 'n geheim en vir ander onbekend nie.

Dit is wat die Here se toorn met mense doen. Hy breek die beeld van God in hulle.

Die vuurpoel is weer simboliese taal dat die Here nooit weer hierdie brandmerk van hierdie mense sal wegneem nie. Met hierdie brandmerk sal God altyd vir hulle toornig wees, en nooit aan hulle genade bewys nie.

### 3.1 Wat gaan met ons op daardie laaste oordeelsdag gebeur?

Kyk na vers 12! Daar is twee stelle boeke op die oordeelsdag: die groot boek, en dan nog een ander boek. Hierdie boek se naam is nie ‘oordeelsboek’ nie, maar ‘die boek van die lewe’. Dit is weer simboliese taal waarmee vir ons verseker word: ons wat aan Jesus behoort, sal nie voor sy troon verskyn om veroordeel te word nie. Dit wat die Here met ongelowiges doen, sal nooit met ons gebeur nie. Ons sondes gaan aan niemand bekend gemaak word nie.

Ons gaan vir geen sonde wat ons gedoen het, aangekla word nie. Die Here gaan ons nie brandmerk met sulke oordele soos: dief, rebel, skelm, pervert of kwaadstoker nie. Al het ons gesteel, nie na ons ouers geluister nie, leuens vertel, seksueel onrein dinge gedoen en kwaadgepraat.

Dit is wat in God omdraai vir ons: Hy is nie toornig op ons nie. Hy is ons genadig. 'Genade' beteken dat Hy sy eie toorn op Homself neem, sodat ons in sy genade kan deel.

### 3.2 Hoekom gaan die Here ons nie veroordeel vir alles wat ons verkeerd gedoen het nie?

Kyk wie sit op die regterstoel, dit is die wit troon, volgens hoofstuk 5:6:

*"Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was."*

Dit is Jesus.

Jesus is die regter wat mense gaan oordeel op die oordeelsdag. Maar onthou wat het met Jesus onder Pontius Pilatus gebeur! Hy het gely: Hy is aangekla en veroordeel.

Daar het Jesus die oordeel gedra sodat wanneer Hy regter is, Hy ons nie sal veroordeel nie. Dit is die voordeel wat ons kry uit die werk wat Jesus doen. Hy sal ons nooit as regter veroordeel of voor Hom as aangeklaagdes laat staan nie.

Hy verlos ons van die oordeel van God. God se genade spaar ons sy oordeel.

### 3.3 Die Here maak ons kindskap bekend op die oordeelsdag

Op die oordeelsdag gaan die Here Jesus ons baie anders behandel as ongelowiges. Hy gaan hulle sondes bekend maak en hulle veroordeel deur hulle volgens hulle sondige dade, vir altyd te brandmerk.

Kyk wat staan in Rom.8:23, wat kan ons verwag met ons gaan gebeur:

*"En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy Kinders aangeneem het."*

Wat gaan die Here op sy troon oor ons aan die mense bekend maak? Nie ons sondes nie, maar dat ons sy kinders is en dat Hy ons so liefhet, dat Hy ons nooit veroordeel nie. Daar is net een ding wat Jesus aan alle mense bekendmaak en ook op die laaste oordeelsdag van ons gaan bekend maak: Hy het ons lief.

God se genade verheerlik ons – Hy maak ons as sy kinders aan almal bekend.

### 3.4 Soos ouers met hulle kinders

Wie is die mense wat die meeste van al julle foute en sondes weet? Dit is julle ouers. Wat doen ouers met hulle kinders? Loop hulle altyd orals en vertel hoe stout julle is en hoeveel foute julle het? Ouers doen dit nie. Hulle maak die foute van hulle kinders toe en praat net oor hoe goed en oulik hulle kinders is, al weet hulle beter van al die foute as enige iemand anders.

Hoekom maak hulle so? Want hulle wys vir mense dat julle hulle kinders is en hulle het julle lief. Hoekom? Dit is wat genade beteken – om jou die oordeel te spaar en in plaas van jou te veroordeel, jou as kind openlik bekend te stel.

Dit is ook hoe Jesus maak. Hy neem ons oordeel en brandmerk op Hom, en Hy maak aan almal bekend ons is sy kinders wat Hy liefhet en wat vir Hom goed is.

### 4. <u>Ons kan maar net glo Jesus het vir ons gely</u>

Kom ons lees Romeine 3:21-26!

*"Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onder hou nie,22 maar deur in Jesus Christus te glo. 23 Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, 24 maar hulle word sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. 25-26 Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo."*

Ons hoef nie die wet te onderhou om van God se oordeel vrygespreek te word nie. Ons hoef maar net te glo Jesus se oordeel tel vir ons.

Hoe glo ons in die lyding van Jesus Christus? So! Ons is met Jesus as mens verenig: syne is myne, en myne is syne; sy vryspraak is myne, en my veroordeling is syne. Ons is met die Here as God versoen: syne is myne, en myne is syne; Hy kry die toorn, en ons kry die genade.

Dit is wat God se genade vir ons beteken: kinders wat eintlik ook gebrandmerk moes word as sondaars, diewe, skelms, kwaadpraters, ens., maak Hy vry van enige veroordeling as hulle maar net in sy liefde glo. Hulle hoef nie mooi te leef, reg te bid of eens te vra nie. Hulle kan Hom maar net vertrou: sy lyding tel vir ons. Syne is myne, en myne is syne.